



HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

BELANGRIKE DATUMS

Do. 7 Nov: Gr 10 en 11 eksamen begin
Vasvra-aand (astro fondsinsameling)
Do. 14 Nov: Gr 8 en 9 eksamen begin



Nuusbrief Newsletter

25 | 2024
01 | 11 | 2024

JAARTEMA: CONNECT


BEGROTINGSVERGADERING

Die begrotingsvergadering vind op **12 November**, om **18h00**, in die **skoolsaal** plaas. Die begrotingsvoorstelle sal vanaf 29 Oktober in mev Wessels se kantoor ter insae beskikbaar wees.

BUDGET MEETING

The budget meeting will take place on **12 November**, at **18h00**, in the **school hall**. The budget proposals will be available for perusal in the office of Mrs Wessels from 29 October.

PERSONEEL



HAPPY RETIREMENT

TOTSIENS OOM PIET

Die BD's groet mnr Piet Smit na 12 jaar en vier maande. Beter bekend as oom Piet Geld onder die leerders, is ons hartseer om hierdie legende te groet. Sy toewyding, akkuraatheid, werksetiek en integriteit, is maar enkele van hierdie nederige afgetrede bankbestuurder se sterk karaktereenskappe. Hy het sy alma mater, Hoërskool Bredasdorp, met trots gedien. Niks was vir hom lekkerder as om weer sy vaardighede terug te ploeg tot voordeel van die hoërskool waar hy ook gematrikuleer het nie.

Totsiens, oom Piet Geld, dit was 'n voorreg om u by ons te hê.

KWARTAALTEMA Connect Community

Die volgende personeel verlaat ons aan die einde van die jaar:

- Mnr Marius van der Vyver (Toerisme) (aftrede)
- Mnr Werner Ströh (Wiskundige Geletterdheid en LO)
- Mrs Ella Schoeman (English)
- Mrs René Brooks (English)
- Me Ella Scheepers (Skeppende Kuns en LO)
- Me Christine Viljoen (IGO)
- Me Sharon du Plooy (studentopvoeder)

Nuwe opvoeders is reeds aangestel vir Toerisme, Afrikaans, Engels en IGO.

JO BLACK-PRAATJIE

Ons was bevoorreg dat Jo Black op 1 November 'n praatjie vir die hele skool gelewer het. Dit is deel van sy Be that Guy- en Be that Girl-beweging. Sommige leerders het hulle daarna verbind om 'n verskil onder minderbevoorde persone, asook persone wat geboelie en afgekraak word, te maak.

Hierdie geleenthede om leerders gemotiveerd te hou en te bekragtig, sal gereeld gehou moet word. Baie dankie aan die AGS Gemeente wat sy optrede geborg het. Ons waardeer dit besonder baie.



SKEPPENDE KUNS GR 8

Die Skeppende Kuns assessering vir graad 8 het behels dat leerders verskillende handpoppe moes maak waarna hul handpoppe vir poppekas-stories moes gebruik. Die gr 8's het met baie oulike idees vorendag gekom. Mev Scheepers, Skeppende Kuns-opvoeder, is baie trots op die gr 8's.

**SKEPPENDE KUNS GR 9**

Graad 9's moes vir hul Skeppende Kuns assessering 'n plakkaat maak waarin hul die tema "Ek in my wêreld" moes uitbeeld. Die gr 9's het beslis geen gebrek aan kreatiwiteit nie!



BD-HOOFMAN VERTOON SY ROCK 'N ROLL VAARDIGHEDE



Die stuurman aan bord het op 31 Oktober sy verjaardag herdenk. Danksy sy wysheid en leiding bly die BD-boot op koers!

Die Matriekraad onder leiding van me Eloïse Nel het 'n heerlike verjaarsdagpartyjtie vir die leerders en personeel gereël. Die aankoms by die veld en die versiering van die klubhuis, het getuig van hulle moeite en kreatiwiteit. Van die dekor tot die smullekker ontbyt, koeke en cupcakes, was uit die boonste rakke.

Dit is al tradisie vir die BD's om op die skoolhoof se verjaarsdag 'n piekniek op die rugbyveld te hou. Vanjaar het hierdie prettige gebeurtenis 'n nuwe kinkel bygekry. Aangesien die tema van mnr Retief se verjaarsdag Rock 'n Roll was, het die BD's sommer van die geleentheid gebruik gemaak om hul danspassies te oefen. Volgens hulle het die tipiese 80er-jare se musiek omtrent hulle voete laat jeu. Mr Retief proved that he is a master of Rock 'n Roll himself. The BDs were impressed with his special dance moves.

Here's to celebrating you on this special day, Mr Retief



DOGTERS KRIEKET SLUIT JAAR AF BY RIVALS PAINT BALL (Akkersdrift)

Die dogterskrieket het op 30 Oktober die jaar met groot pret afgesluit toe hulle mekaar met 'n rondte paintball kon uitdaag. Dankie aan mnr Hardus Lourens wat die bus bestuur het en amptelik as die beste paintball verdediger gekroon is.



Connect to the community! Feestyd bederfbak

Be part of our community project! We are collecting products to fill a 'goodie box'. The containers are designed to make people's festive season brighter, especially for those who are struggling.

Please bring your donations to your register teacher. Let's bring joy to those less fortunate than us this festive season!

Suggested items include instant coffee, chocolates, custard, cookies, instant pudding, and more. Let's stand together as BDs and make someone's festive season a joyful time too.



HOËSKOOL BREDASDORP en Quiz Masters SA

hou n QUIZ NIGHT

Donderdag,
7 November 2024 18h00
Gholfklub
R250 pp / R2500 per tafel (10 mense)

Kaartjies sluit in 'n heerlike ete:
Verskeie pryse om te wen!

Kom toets jou algemene kennis
en kuier lekker saam!

Bespreek jou tafel by 072 981 9050.

MaDFun Studio - Bredasdorp High School learners have done it again!

Our congratulations extend to the talented dancers of MaDFun Studio, under the leadership and training of Mrs. Simóne Rossouw, in recognition of their awards at the Montagu Eisteddfod as well as at the South African National Eisteddfod in Johannesburg.

The Dance Creative group consisting of HSB learners namely; Jodi Olivier, Tamarin Konstabel, San-Mari Rossouw, Nanicke Odendaal & Joagen Olivier achieved the following results:

Results are awarded as follows:

Montagu: Bronze, Silver, Gold, Double gold (the equivalent of Cum-Laude)

SA National: Bronze, Silver, Gold, Diploma (Diploma being the highest possible award)

The results:

DC group Hip hop dance:

Montagu Eisteddfod: **Double Gold**

SA Nationals: **Diploma**

Jodi Olivier hip hop solo:

Montagu Eisteddfod: **Gold**

Joagen Olivier hip hop duet:

Montagu Eisteddfod: **Silver**

Nanicke Odendaal lyrical duet:

Montagu Eisteddfod: **Silver**

SA Nationals: **Gold**



Jodi Olivier & Tamarin Konstabel hip hop duet:

Montagu Eisteddfod: **Gold**

San-Mari Rossouw:

Montagu Eisteddfod:

Acrobatic solo (own choreography) - Double Gold

Hip hop solo - Gold

Lyrical solo - Gold

Contemporary solo (own choreography) - Gold

Ballet solo - (Tina D' Artnall choreography) Double

Gold & Trophy for the best ballet dancer in the Eisteddfod

SA Nationals:

Acrobatic solo (own choreography) - Diploma

Hip hop solo - Diploma

Ballet solo - (Tina D'Artnall choreography) Diploma

Lyrical solo - Gold

MaDFun Studio was also collectively awarded with the Trophy for the Best Overall Contribution to the Montagu Eisteddfod.

All these dances were performed at the Annual MaDFun Studio production last week.

Currently we await their final results which will determine whether they are selected to form part of the National Top Young Performer Awards in Johannesburg.

Congratulations!!

SPORTUITSLAE:

TENNIS: SWELLEDAM-TOERNOOI

Die BD-tennisspelers het verlede naweek vierde uit ag spanne geëindig by die Swellendam Tennistoernooi. Dit was lekker om mededingende tennis teen sterke skole te speel.

Baie geluk aan Nina Terblanche wat as die nommer 4-dogter geëindig en daarvoer 'n prys ontvang het.



AFTER VLN: Daniël Fourie, Luan Prins, Jan-Carel Lochner, Mkhululi Tundezwa
Voor vlnr: Melissa Saayman, Minke Terblanche, Mieke Saayman, Nina Terblanche



Nina Terblanche wen die nommer 4-dogter posisie



NETBAL

HSB is baie trots op Anina Treurnicht, gr 11, wat opgeneem is in die Overberg Senior Netbalspan. Die span sal die Overberg Netbalfederasie vanaf 1-7 Desember, in Johannesburg, by die Telkom Nasionale Netbalkampioenskappe, verteenwoordig.

Baie geluk, Anina! Geniet elke oomblik van hierdie avontuur.



KRIEKET: O.19-SEUNS

HSB speel op 28 Oktober in Ceres teen HS Charlie Hofmeyr.

HSB kolf 1ste en behaal 115/10
Charlie Hofmeyr wen met 5 paaltjies

Beste kolwer: Alexander Janse van Rensburg (58 van 36 balle.)

Beste bouler: Zandré le Sueur (2 paaltjies vir 30 lopies in 6 beurte.)

KWARTAALTEMA
Connect Community

Connect to the community!
Feestyd bederfbak

Wees deel van ons gemeenskapsprojek. Ons versamel produkte om in 'n bederfbak te sit. Die bakke is om mense se feestyd beter te maak waar dit swaar gaan.

Bring jou produkte vir jou registeronderwyser. Kom ons bederf hulle wat minder as ons het die feestyd. Ons het mos omgeeharte!

Die produkte kan enige iets wees van kitskoffie, sjokolade, vla, koekies, kitspoeding, ens. Kom ons BD's staan saam en maak iemand se feestyd ook 'n lekker tyd.

JAARTEMA:
CONNECT



Hernubare Energie

Spaar met sonkrag!

Vir enige sonkraginstallasies wat via die skool met Diverso gereël word, sal Diverso 2% van die omset aan die skool terugskenk.

raubie@diverso.co.za | 081 350 3693
www.solarsaves.co.za



The grid contains the following logos:

- OCTOTEL
- WIFI TOWER MOBILECO
- JEB CONNECT
- ETHA'S SOUTHERN TIP ACCOMMODATION
- RUBBER TAPE
- packtown food and packaging suppliers
- RAWSON Property Group
- InteliGro intelligent crop solutions
- OVERBERG SPECIALITY FOODS
- OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT
- bvsa More on net profit
- OVERBERG SINCE 1988
- ARRIE NEL PHARMACY GROUP
- CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP
- Du Plessis Farming Enterprises BIG BEE RD LOWARIE GROENHAAZERF FARM BETTER HEEF THAN DOWN THE STREET
- ROLA Ford
- ASC LABORATORIES
- ROLA TOYOTA
- Harcourts Cape Agulhas
- Gemini Alu
- SUPERSPAR BREDASDORP